

**GEDRAGSKODE VIR GEMEENSKAPSGBASEERDE ONDERRIG**

Dit word van alle studente van die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe verwag om, wanneer praktika by inrigtings gedoen word, die volgende riglyne te handhaaf:

**1. AFWESIGHED VAN KLINIESE VERPLIGTINGE**

Studente moet op die dag wat hulle weens siekte of ander onvoorsien omstandighede nie hulle verpligtinge kan nakom nie die betrokke inrigting en hulle departement/dissipline daarvan in kennis stel.

**2. KLEREDRAG**

Studente moet te alle tye volgens die Fakulteit/betrokke departement/dissipline se reglement oor kliniese kleredrag aangetrek wees.

**3. IDENTIFIKASIE** (Sien Veiligheidsdokument)

Studente moet te alle tye sigbare identifikasie van die Universiteit Stellenbosch dra.

**4. AANSPREEKVORM**

Alle pasiënte/kliënte moet professioneel as meneer of mevrou/mejuffrou aangespreek word. Indien die pasiënt/kliënt verkies dat 'n ander aanspreekvorm gebruik word, kan hy/sy dit aan die gesondheidspersoneellid/student oordra.

**5. REGTE VAN DIE PASIËNT/KLIËNT:**

**5.1 Die reg op privaatheid en respek**

- Die pasiënt/kliënt se menswaardigheid, reg tot privaatheid, outonomie en veiligheid moet deur die student erken word en hy/sy moet daarvolgens eie optrede teenoor 'n pasiënt/kliënt rig.
- Geen debatvoering oor die pasiënt/kliënt se siekte, prognose en behandelingsmoontlikhede mag plaasvind in die teenwoordigheid van die pasiënt/kliënt nie.
- Die pasiënt/kliënt moet te alle tye met respek en waardigheid behandel word.
- Wanneer 'n pasiënt/kliënt tuis besoek word, moet die gesondheidspersoneellid daarvan bewus wees dat hy/sy 'n gas in die persoon se huis is, en nie enige afkeurende verbale of nie-verbale reaksie teenoor die persoon, sy omstandighede of sy besittings toon nie.

- Die pasiënt/kliënt het die reg om waar enigsins moontlik, in sy/haar taal van voorkeur aangespreek te word. Indien nodig, moet die student alles in sy/haar vermoë doen om hierdie reg te respekteer, en waar moontlik, die hulp van 'n tolkdiens of toepaslike tolke te verkry, met inagneming van die pasiënt/kliënt se reg op privaatheid.
- Die pasiënt/kliënt se kultuur en godsdiens moet gerespekteer word. Dit mag bv. nodig wees om behandeling op 'n ander dag te skeduleer omdat die pasiënt/kliënt se godsdiensoortuigings vereis dat hy/sy op 'n betrokke tyd 'n spesifieke aksie moet uitvoer, of hom/haarself van sekere aktiwiteite moet weerhou.
- Kulturele gewoontes kan verskil en die student moet te alle tye met begrip en nie-veroordeelend daarteenoor, optree.

## 5.2 Die pasiënt/kliënt se reg op selfbesluitneming en uitoefening van 'n keuse

- Die pasiënt/kliënt het die reg om self te besluit oor aangeleenthede betreffende sy/haar gesondheid. Soms kan hierdie besluite lynreg bots met dit wat die gesondheidswerker as die beste opsie beskou. Daar mag egter nie negatief teenoor die pasiënt/kliënt opgetree word omdat sy/haar besluit anders is nie – probeer eerder uitvind wat die pasiënt/kliënt se motivering vir sy/haar optrede is. Die pasiënt/kliënt moet egter deeglik ingelig wees oor die voor- en nadele van die verskillende opsies, sodat hy/sy 'n ingeligte besluit kan neem.
- Die pasiënt/kliënt het ook die reg op 'n tweede opinie – al betaal hy/sy dikwels glad nie of min vir gesondheidsorg.

## 5.3 Die gesondheidsdiens se personeel en toerusting

- Alle personeel moet die nodige respek betoon word. Die student moet in ag neem dat hy/sy 'n gas is by die betrokke gesondheidsdiens en eerder 'n gees van samewerking bevorder, as om eise te stel.
- Toerusting moet met respek hanteer word en geen toerusting of voorrade mag uit 'n diens sonder toestemming verwijder word nie.
- Onderlinge reëlings moet vooraf getref word indien toerusting gedeel moet word.

## 6. VERTROULIKHEID

- Alle inligting wat van 'n pasiënt/kliënt verkry word, word as vertroulik beskou. Inligting mag slegs vir behandelingsdoeleindes aan ander spanlede deurgegee word. Geen pasiënt/kliënt word in die openbaar met enige iemand anders bespreek nie, en sonder die pasiënt/kliënt se uitdruklike toestemming word inligting nie aan familie/vriende gegee oor 'n pasiënt/kliënt se probleme en/of vordering nie. Hierdie toestemming moet skriftelik verkry word en die persone aan wie inligting verskaf word moet by name geïdentifiseer word. 'n Uitsondering word gemaak in die geval van kinders onder die ouderdom van 14 jaar, waar inligting aan voogde/ouers gegee kan

**word in welke geval ouers/voogde skriftelike toestemming moet gee vir openbaarmaking van inligting aan familie/vriende van die minderjarige.** Skriftelike inligting oor pasiënte/kliënte moet vertroulik hanteer word en te alle tye veilig bewaar word.

- Alle rekords word beskou as wetlike dokumente en geen rekord mag uit 'n pasiënt/kliënt se lêer verwijder word nie.
- Rekordhouding moet professioneel gedoen word.

## **7. VOORSORGMAATREëLS/VEILIGHEIDSMAATREëLS**

- Vergewis uself van die diens (waar u werksaam is) se beleid ten opsigte van notering van sensitiewe diagnoses bv. HIV/Vigs, Tuberkulose, Seksueel-oordragbare siektes, Maligniteit ens.
- Vergewis uself van die Universiteit se riglyne met betrekking tot die hantering en rapportering van ongelukke en skerpvoorwerpbeserings.

## **8. INTERDISSIPPLINêRE SAMEWERKING en DIENSLEWERING**

- Gesondheidspersoneel is verbind tot interdissiplinêre samewerking deurdat hulle mekaar se rol en funksies respekteer asook gesamentlik holistiese behandelingsplanne, wat mekaar se behandeling aanvul en oorvleueling uitskakel, bepaal. Indien 'n spanlid besig is met die uitvoer van behandeling, en 'n ander spanlid wil ook behandeling uitvoer, moet die spanlede met mekaar kommunikeer en ooreenkom oor wanneer die beste tyd vir die pasiënt/kliënt en ander spanlid is om die behandeling uit te voer.
- Studente sal slegs behandeling aan pasiënte/kliënte bied wat binne die grense van die bestaande vlak van hul opleiding lê en moet kennis dra van 'n toepaslike verwysingsroete indien die hantering van die pasiënt/kliënte buite hulle bepaalde vlak van opleiding en/of dissipline lê.
- Reëlings, afsprake en ooreenkomste rakende 'n pasiënt/kliënt se behandeling wat met hom/haar of die familie/versorgers aangegaan word, moet te alle tye nagekom word.
- Geen aksies sal uitgevoer word of geskenke of geld aanvaar word van of ooreenkomste aangegaan word met 'n pasiënt/kliënt of personeel vir die persoonlike gewin van 'n student nie.